

Skriflesing: 2 Timotheus 3:1-14Teks: **2 Timotheus 3:13-14**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 31:1,15****TYDENS EREDIENS- Ps. 98:1,3; Ps. 119:11; Ps. 128:4; Ps. 25:2; Ps. 45:1,3,4****2 Timotheus 3:1-14****2Ti 3:1** Dit moet jy weet: in die laaste dae sal daar swaar tye kom.**2Ti 3:2** Die mense sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig en verwaand, beledigend teenoor hulle medemense en ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar en ongodsdienstig;**2Ti 3:3** hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadpraters, bandeloos en wreed, sonder liefde vir die goeie;**2Ti 3:4** hulle sal verraaiers wees, roekeloos en hooghartig. Hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God.**2Ti 3:5** Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie. Bly weg van sulke mense af.**2Ti 3:6** Party van hulle dring in die huise in en kry liggelowige vroue wat met sonde belaai is en deur allerlei sinlike begeertes gedryf word, in hulle mag,**2Ti 3:7** vroue wat altyd iets wil leer, maar tog nooit tot die kennis van die waarheid kan kom nie.**2Ti 3:8** Net soos Jannes en Jambres hulle teen Moses verset het, so verset hierdie mense hulle teen die waarheid, mense wat in die verstand verward is en in die geloof 'n mislukking.**2Ti 3:9** Maar hulle sal nie ver kom nie, omdat hulle dwaasheid vir almal duidelik sal wees, net soos dit die geval was met Jannes en Jambres.**2Ti 3:10** Maar jy het my nagevolg in leer, lewenswandel en lewensdoel, in geloof, geduld, liefde en volharding,**2Ti 3:11** in vervolging en ontbering soos my te beurt geval het in Antiogië, Ikonium en Listra. Watter vervolging moes ek nie alles verduur nie! Maar die Here het my uit almal gered.**2Ti 3:12** Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolgt word.**2Ti 3:13** Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger. Hulle mislei ander en word self mislei.**2Ti 3:14** Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was**2Ti 3:15** en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus.**2Ti 3:16** Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek,**2Ti 3:17** sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.**Skriflesing:** 2 Timotheus 3:1-14Teks: **2 Timotheus 3:13-14**Sing: **VOORAF SANG- Ps. 31:1,15****TYDENS EREDIENS- Ps. 98:1,3; Ps. 119:11; Ps. 128:4; Ps. 25:2; Ps. 45:1,3,4**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede Sondag met die herdenking van die Hervorming was ons reeds uit Paulus se heel laaste brief besig. Ons was besig met 2 Timotheus 2 waar ons kon hoor, niemand maar niemand kan God se Woord boei nie. 2 Tim 2 vers 9 sien Paulus homself in boeie; dit ter wille van die evangelie. Vir hierdie evangelie het hy baie verdrukking gely, ja soos 'n misdadiger in boeie is hy behandel. Ons het toe reeds gekyk hoe daar altyd mense sal wees wat probeer om die Woord van God skade aan te doen.

Mense wat die Woord van God probeer boei. Paulus is nie bang om op sy oudag sulke mense op hulle name uit te wys nie. In 2 Tim 1 vers 15 dan begin hy al mense op hulle name noem wat die

Evangelie skade wil berokken. Mense wat probeer om God se Woord te boei, want hulle het God se Woord in Paulus, die ingeplante Woord probeer teëhou. Hy sê in hfst. 1 vers 15- *Soos jy weet, het almal in die provinsie Asië my in die steek gelaat. Onder hulle is daar ook Figelus en Hermogenes.* In die laaste hoofstuk noem hy nog meer mense wat nie huiwer om God se evangelie te probeer afbreek nie, mense wat in effek probeer om die Woord van God te boei. Hfst. 4 vers 9 noem hy Demas wat die teenswoordige wêreld liefgekry het. Kressens het hom verlaat, Titus het ook vertrek, dan noem hy nog 'n gevaarlike mens- hfst. 4 14- *14 Aleksander, die kopersmid, het my baie kwaad aangedoen. Mag die Here hom vergeld vir wat hy gedoen het. 15 Jy moet ook vir hom op jou hoede wees, want hy het ons prediking heftig teengewerk.*

Ons het verlede Sondag ook uit hfst. 4 gelees waar Paulus baie klem lê op hoe daar niemand was wat hom in sy lewenstryd en hofsake op sy reeds afgeleefde leeftyd bygestaan het nie. Hoe duidelik staan dit in vv. 16-17: *16 Toe ek my die eerste keer voor die hof moes verdedig, het niemand my bygestaan nie; almal het my in die steek gelaat. Mag God hulle dit nie toereken nie! 17 Maar die Here het my bygestaan en my krag gegee, sodat deur my die prediking tot sy volle reg kon kom en al die heidennasies dit kon hoor. En ek is uit die bek van die leeu gered.*

As ons iets van Paulus se lewe tot op hierdie punt mag opsom dan is die feit dat hy maar 'n alleenpad geloop het, nie iets wat moeilik is om te bewys nie. Tog besef ons vandag by die doop van hierdie kindjie, dat ons dit self ook beleef. Paulus jy is nie alleen nie! So baie wat saam met jou weer op hulle manier die alleenpad moet loop. Sal hierdie seuntjie dit nie ook maar eendag besef nie. Ons wat in die tyd by die evangelie wil bly, ons wat die pad van die ware gereformeerde geloof wil loop, ons besef dit kan nie anders nie. Hoe dikwels is dit ook vir jou en my 'n alleenpad, ja 'n alleenpad om te bly wat jy geword het. Ouers en hulle kinders moet oor hierdie alleenpad nie skaam wees om daaroor te praat en hulleself voor te berei nie. 'n Pad wat ons sal moet leer om hierop te volhard, want dit kan nie anders nie. Ons eerste fokusgedagte is:

Moet nie skaam wees om oor jou alleenpad te praat nie:

Paulus praat soos 'n pa met sy kind, as ons albei die briewe aan Timotheus lees. Hfst. 2 noem hy hom dan direk *my seun ... Jy dan, my seun, wees sterk deur die genade wat ons in Christus Jesus het.* Dat daar 'n besondere sterk en openhartige verhouding tussen Paulus en Timotheus was, is

baie duidelik. Timotheus, al is hy nog jonk, het Paulus baie vertrou in hom. As hy uit die tronk in Rome aan Timotheus skrywe dan noem hy hom my *geestelike kind*.

Ons het reeds daarop gewys die briewe dra baie sterk iets van 'n testament-karakter. 'n Testament wat ons opstel om die nageslag nie in die duister te hou nie. Om oor te dra en na te laat dit waarmee ek en jy groot dele van ons lewe mee besig was. Hier is dit nie anders nie. Paulus wil nalaat, hy wil oordra dit wat 'n groot deel van sy lewe hier op aarde was. Tog voor hy oor sy nalatenskap skryf gaan dit oor wat ook weer voor hom gebeur het. So begin 2 Timotheus 1 om die voorgeslag en nageslag met mekaar te verbind. *3. Ek dank God, wat ek net soos my voorouers met 'n skoon gewete dien, wanneer ek onophoudelik dag en nag in my gebede aan jou dink ...* Hierdie verband sal ons alleen kan verstaan as ons die verbond van God as wesentlike vertrekpunt in al ons doen en late vooropstel. Iemand met 'n swak verbondsbeskouing is gewoonlik ook iemand met 'n gebrekkige begrip van hoe God die geslagte aanmekaar verbind. Ja, die doop is duidelik ook iets van die verbinding wat in geslagte moet gebeur en dit kan alleen vanuit die verbond verstaan en verwesenlik word. Dit beteken nie daar gaan nie groot teleurstellings op ons pad ook op ons wag nie. Daar gaan baie teleurstellings wees soos Paulus ook nie daarvan gespaar was nie, tot op sy oudag, sy heel laaste dag op hierdie aarde.

Dat Paulus openhartig oor sy alleenpad praat, hoe mense die een na die ander hom op sy lewenspad in die steek gelaat het, het ons reeds daarop gewys. Duidelik trek Paulus 'n verband tussen die alleenpad en die moeilike pad. Die mens is van nature anders. Ons sal van nature die moeilike paaie probeer vermy. Ons verkies die makliker pad wat dan gewoonlik insluit ek sal nie sterk staan op beginsels nie. Ek sal maar al makliker toegee, ek sal altyd alles net wil verander as dit dinge vir my makliker kan maak. Hoe baie keer is dit maar verandering ter wille van verandering. Kies maar die ompad in plaas van die moeilike pad. Dit word 'n lewe van toegee, aanpas, saamloop, selfs ook met verkeerde dinge saamloop en toegee as dit tog net vir my makliker kan wees en dit dan maar net vir my vrede kan beteken.

Dan sien ons duidelik raak en ons moet mekaar daarop voorberei, ook ons kinders moet van kleins af daarop voorbereid wees, om die pad in Christus te loop is nie maklik nie en sal nie

makliker gemaak word nie. Vir Christus was dit nooit maklik gemaak nie, hoekom sal dit dan vir ons nou kwansuis maklik moet wees. Die gereformeerde pad wat enkel en alleen die geloof in Christus en die navolging van Christus voor oë wil hou, gaan nie 'n maklike pad wees nie.

Dink maar aan een voorbeeld wat vir Paulus en Timotheus ook belangrik sou wees. Hoe maklik verwar mense die werk van die Heilige Gees met die tydsgees. So maklik word die kitsoplossings en die sekulêre aanpak van sake en dinge gesien asof die Heilige Gees ons dit aanbied terwyl die Heilige Gees nooit op sy eie met jou werk nie. Waar mense die Heilige Gees se werk met die tydsgees verwar is waar die postmodernisme en metodisme reeds besit geneem het van die mens. Waar die Heilige Gees werk, werk Hy nooit op sy eie nie. Hy werk altyd deur die Skrifte. Die Heilige Gees wil enkel en alleen deur die Woord van God werk. En daar waar die Woord van God aan die werk is, daar werk die Heilige Gees.

Wie so 'n pad loop, loop hom/haar dikwels in teëstand en teësinigheid vas. Die moeilike pad word 'n alleenpad maar moet nie skaam wees om daarop te loop en daaroor te praat nie. Praat openlik daaroor soos Paulus met Timotheus kon doen, want ons en ons kinders moet ons ook daarop kan voorberei. Ons tweede fokusgedagte is dan ook die vraag-

Hoe kan ek en my kinders op hierdie alleenpad voorbereid wees?

Vir Paulus is daar net een antwoord. Bewaar wat kosbaar is en moet dit nie weggee en vergeet dit wat ons tot hier gebring het nie. As Paulus met Timotheus hieroor praat is daar twee duidelike dinge wat Timotheus nie mag vergeet nie. Al twee die dinge begin en eindig by 'n vashou aan God se Woord en dit wat ons uit die Woord kan en moet leer. Vir Timotheus moet dit ook begin by wat in 2 Tim 1 vers 5 staan- *5 Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is.* Dis asof Paulus vir Timotheus sê, jou ouerhuis, jou familie, jou ouma en ma, is die begin van dit wat van groot waarde ook in jou lewe moet wees. Jou ouma, jou ma, ek ken hulle, hulle is die mense wat jou geleer het, hulle leer is kosbaar. Hulle is deel van die voorgeslag waarmee Paulus so respekvol sy tweede brief mee begin.

Ook julle wat vandag julle seuntjie gedoopt het. Die kosbaarheid van die geloof en die kragtige daadwerklike uitlewing van julle geloof begin nie soseer in wat ons losweg sê nie, maar in wat

ons doen en werklik met oortuiging ons kinders wil leer. Dit wat ons kinders in ons sien is 'n lewenslange proses wat niemand gering mag ag nie. Dit moet met daaglikse uitlewing en daadwerklike lering vanuit die Skrifte en belydenis gepaardgaan. Die geloof wat ons glo ook eendag in hierdie kindjie mag wees begin by julle, pa en ma, wat vandag vir Benito gedoop het. As ons nie waarlik geglo het nie, mag ons nie gedoop het nie. Nou wat ons gedoop het nou begin die pad van voorbeeld en geloof wat ook vir hierdie seuntjie in sy lewe mag voorlê en nagelaat moet word.

Dit is die eerste manier hoe ons, ons kinders op die alleenpad wat die ware gelowige dikwels moet loop, kan voorberei, maar die tweede manier staan in hfst. 3 net so duidelik. Duideliker kan niemand dit met ander woorde stel nie ... hfst. 3 vers 14- *14 Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was 15 en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus.*

Hierdie besondere opdrag staan nie los van wat Paulus al in hfst. 1 ook verse 13 tot 14 dit gestel het nie- *13 Neem die woorde wat jy van my gehoor het, as voorbeeld van gesonde verkondiging en volg dit na in die geloof en liefde wat ons in Christus Jesus het. 14 Wat aan jou toevertrou is, is goed. Bewaar dit deur die Heilige Gees wat in ons woon.*

Duidelik kom ons agter al manier hoe ons op die regte gereformeerde pad kan loop is om by God se Woord te begin en by God se Woord te eindig. Goeie daadwerklik gereformeerde onderrig aan huis en by die skool, begin by die Woord en eindig by die Woord en ons belydenisskrifte. Dit is 'n hartseer feit hier in die Noordkaap dat van behoorlik **gereformeerde** skoolonderrig is hier maar nie eintlik sprake nie. Dit maak die verantwoordelikheid vir die ouers en dan ook die kerk nog groter omdat skole van gereformeerd-wees baie weinig tot uitvoer bring. Al mag dit dalk primêr, sekondêr, sekulêr, goeie skole wees, maar hulle oorsprong en rigting is nie vanuit die gereformeerde bestaan en belydenis gegrond nie.

Daarom moet ons ons kinders soveel te meer by die huis en kerk inskerp die waarde en die werklike toevoeging wat Paulus homself vanuit die Woord van God verantwoord. Hfst. 3 eindig met wat seker die duidelikste uitspraak ooit rondom God se Woord is en kan wees. Dit wat

artikels 3 en 5 van die Nederlandse Geloofsbelydenis ook besonder duidelik maak - Die Here sê aan Timotheus by monde van Paulus en dit is wat ons kinders ook lewenslank moet weet en hoor- *16 Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, 17 sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.*

Dit is so duidelik in aansluiting by wat die apostel Petrus ook in sy tweede brief, hfst. 1 vanaf vers 20 geskryf het- *20 Dit veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie, 21 want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig.*

As ons dan nou besef wat die enigste manier is hoe ons en ons kinders hierop voorbereid kan wees, is ons laaste gedagte vandag-

Ons sal op hierdie pad moet volhard, dit kan nie anders nie.

Die alleenpad om te bly wat jy geword het, het reeds verwys na die alleenpad, het reeds verwys na dit wat nie anders kan nie, maar nou is die laaste vraag hoe kry ek en my kind op die goeie gereformeerde weg, of anders gestel, hoe kry ons in die gesonde leer volhard? Dit wat ons en ons kinders onself al meer en meer sal moet opskerp, want besef ons ook dat Paulus vir Timotheus baie duidelik waarsku. Vorentoe gaan dinge nog erger word. Hoe erg is dit nie al in ons tyd nie?! Hfst. 3 se begin is baie duidelik- *1 Dit moet jy weet: in die laaste dae sal daar swaar tye kom. 2 Die mense sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig en verwaand, beledigend teenoor hulle medemense en ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar en ongodsdienstig; 3 hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadpratery, bandeloos en wreed, sonder liefde vir die goeie; 4 hulle sal verraaiers wees, roekeloos en hooghartig. Hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God ...*

Dit alles is 'n mond vol. Tog besef ons dit alles sien ek in my lewe baie duidelik raak. Niks wat hier staan is nie besig om rondom ons te gebeur nie. Hoe ekself tot hierdie verskriklike absolute verval en agteruitgang bydra is maar 'n vraag wat elkeen in sy eie gewete voor die Here sal moet antwoord. In watter mate ons as kerke besig geraak het met 'n uiterlike skyn van godsdiens maar

tog al meer die werklike krag daarvan verloën, raak 'n vraag wat nog dieper gryp. In vers 13 dan skryf Paulus nog weer, *13 Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger. Hulle mislei ander en word self mislei.*

Dit is die wêreld en die lewe waarbinne Benito gebore is en ook sal moet opgroeï. Hoe ons ons kinders in die wêreld voorberei en dit waarmee ons ons kinders toerus, is eintlik maar net moontlik by wyse van hou aan en hou aan om die goeie en gesonder leer te wil onderrig en die werklike goeie lewenswandel in Christus elke dag voor oë te hou. Ons kan nie anders as om af te sluit by wat ons verlede Sondag en vandag ook maar weer moet besef. Die waarde van God se Woord, die Woord wat nie geboei kan word nie, al bind hier so baie ander dinge my vas. Bly by wat jy geleer het, moet ons gebed vir onself en vir ons kinders elke dag wees. En dan het hfst. 2 dit ook so mooi raakgevat by wyse van drie beelde. Paulus begin dit met die oproep- *1 Jy dan, my seun, wees sterk deur die genade wat ons in Christus Jesus het ...*

Watter besondere gebed wat vandag ook reeds vir hierdie gedoopte seuntjie gebid kan word. Dan praat Paulus van 'n soldaat, van 'n atleet en van 'n boer. In die huis van God moet ek 'n soldaat kan wees. Ek is dan bereid om te dra die deel van die ontberings soos 'n goeie soldaat van Christus Jesus. Hfst. 2 vers 3 en 4 verwag van jou om soos 'n soldaat in aktiewe diens te wees, my "Bevelvoerder" kan tog net een wees, Jesus Christus. Daarom moet die baie dinge van die gewone lewe, nie my eerste dinge, my eerste prioriteit wees nie. Soos ek as soldaat moet kan volhard, so moet ek ook as 'n atleet kan volhard. In God se huis moet ek bereid wees om die lewenspad soos 'n atleet te moet hardloop. Met hierdie beeld is Paulus dikwels besig. Hy sluit sy lewe daarmee af, hfst. 4 vers 7 ... *7 Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou.* Watter genade om dit aan die begin van 'n gedoopte lewe te mag bid, dat dit so mag wees, maar dit ook aan die einde van die lewe, te mag bevestig. So het ek wou lewe! Ek kan alleen die wenstreep bereik as ek volgens die reëls meeding.

Mag dit ook lewenslank oor hierdie gedoopte kindjie geskryf staan want eindig ons by die boer. *6 Die boer wat die harde werk doen, behoort eerste 'n deel van die oes te kry. 7 Dink na oor wat ek sê; die Here sal jou insig gee om alles te verstaan.* Dit bring ons in verband met vandag se hfst. 3 se einde ... of ek soldaat of atleet of boer is, mag hy die gedoopte kind ook kom by die

man of vrou *wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus, vir elke goeie werk*
(vgl. 2 Tim 3:17).

AMEN